Gobabis Gymnasium

"EXCELLENCE"

PO Box 304 GOBABIS • Tel:+264 62 564771 • Website: www.gobabisgymnasium.com • E-Mail: gymna@iway.na

AANSOEKVORM 2026

Naam en Van van Leerling: _____

Graad in 2026: _____

Seun of Dogter: _____

Datum Ontvang: _____

Dokumente wat hierdie aansoek moet vergesel:

1. Geboortesertifikaat ☐
2. Twee (2) paspoort foto's ☐
3. Ouers of Voogde identifikasie dokumente afskrifte ☐
4. Getekende finansiële ooreenkoms (bladsy 9) ☐
5. Ouer en leerling onderneming (bladsy 10) ☐
6. Ingevulde vrywaringsvorm (bladsy 11) ☐
7. Toekomstige graad 1 leerlinge: Skoolgereedheidstoets ☐
8. Toekomstige graad 2 tot 10 leerlinge:
   - Laaste rapport van vorige skool ☐
   - Laaste finansiële staat van vorige skool ☐
9. Toelatingstoetse geskryf in Wiskunde en Afrikaans (by Gobabis Gymnasium) ☐

Slegs vir kantoor gebruik:

Aansoek aanvaar: **JA** ☐ **NEE** ☐

Pastel nommer: _____

D6-nommer: _____

Skoolhoof Afgeteken: _____

Gobabis Gymnasium se besluit oor die aansoek is finaal en geen onderhandelinge sal gevoer word nie.

ALGEMENE INLIGTING

LEERLING INLIGTING:

Van: _____

Volle Name: _____

Noem Naam: _____

Geboortedatum: _____

Huistaal: _____

Burgerskap: _____
(Heg studiepermit aan indien nie 'n Namibiese burger nie)

Kerkverband: _____

Huisdokter: _____

Dokter se telefoonnommer: _____

Mediese Fonds: _____

Mediese Fonds Nommer: _____

Naam Van Broer/Suster
In Gobabis Gymnasium: _____

Buitemuurse Aktiwiteite: _____
(Sport en kultuur – lys prestasies)

_____

_____

_____

Leerling Se Sterkpunte: _____

_____

_____

Areas Van Bekommernis en
Spesiale Aandag**:** _____
(Heg arbeidsterapeutverslae
aan indien van toepassing) _____

_____

Vorige Skool/Pre-Primêr Bygewoon: _____

Dorp/Stad Van Vorige Skool: _____

Vorige Skoolhoof: _____

Telefoonnommer Van Vorige Skoolhoof: _____

Vanaf Graad/Jaar: _____ Tot Graad/Jaar: _____

Rede Vir Skool Verlaat: _____

VADER / VOOG INLIGTING:

Van: _____

Volle Name: _____

Noem Naam: _____

ID Nommer: _____

Huistaal: _____

Burgerskap: _____

Posadres: _____ Dorp: _____

Huisadres: _____

Beroep: _____

Werkgewer: _____

E-Pos Adres: _____

Telefoon Werk: _____ Telefoon Huis: _____

Selfoon Nommer: _____

MOEDER / VOOG INLIGTING:

Van: _____

Volle Name: _____

Noem Naam: _____

ID Nommer: _____

Huistaal: _____

Burgerskap: _____

Posadres: _____ Dorp: _____

Huisadres: _____

Beroep: _____

Werkgewer: _____

E-Pos Adres: _____

Telefoon Werk: _____ Telefoon Huis: _____

Selfoon Nommer: _____

GESINSINLIGTING:

Huwelikstatus: Getroud / Geskei / Enkelouer

Bly Ouers Bymekaar? _____

Vader Weer Getroud? _____

Moeder Weer Getrou? _____

Voogskap/Sorg Van Kind: _____

PERSOON VERANTWOORDELIK VIR SKOOLFONDS: Vader / Moeder / Voog

Van: _____

Naam: _____

Posadres: _____ Dorp: _____

E-Pos Adres: _____

Telefoon Werk: _____ Telefoon Huis: _____

Selfoon Nommer: _____

_____ _____

Handtekening: Vader / Voog

Handtekening: Moeder / Voog

TOELATINGSBELEID:

- Gobabis Gymnasium is 'n multikulturele instansie en alle ouers/voogde wat die finansiële verpligtinge van die skool kan nakom, is welkom om aansoek te doen om toelating.
- Die skool bevorder die amptelike taal sowel as Afrikaans as voertaal. Dit is dus noodsaaklik dat kandidate wat aansoek doen om toelating bevoeg is om Afrikaans te praat, lees en skryf. Alle kommunikasie met ouers/voogde sal in Afrikaans geskied (verwys na kommunikasiebeleid).
- Afrikaans eerste taal, as vak, is verpligtend vanaf die Junior Primêre Fase tot aan die einde van die Senior Sekondêre Fase (Graad 1 – 11). Alhoewel ons vanaf Gr.10 Engels as eerste taal aanbied, bied ons nie Afrikaans as tweede taal aan nie, en leerders is verplig om Afrikaans ook op eerstetaalvlak te neem. Ons beveel ouers sterk aan om Afrikaans magtig te wees as gevolg van ons kommunikasiebeleid.
- Indien ons na die IEB (ISC)-kurrikulum oorskakel, sal Afrikaans Huistaal verpligtend wees tot aan die einde van die senior sekondêre fase (Gr.12). Engels sal nie as 'n Huistaal (Eerste Taal) beskikbaar wees wanneer die kurrikulum verander nie. Engels Eerste Addisionele Taal sal verpligtend wees tot aan die einde van die senior sekondêre fase (Gr.12).
- Ouers en leerders moet die Christelike waardes en norme van die skool ondersteun.
- Die skool is nie in staat om aansienlike ondersteuning aan leerders met leergestremdhede te bied nie. In spesiale omstandighede kan die skool leerders met leergestremdhede aanvaar. Enige bykomende koste met betrekking tot hierdie vergunning sal deur die ouers/voog gedra word.
- Slegs aansoekers van 'n ouderdom binne twee jaar van die klasgroep sal toegelaat word.
- Elke ouer en leerder moet die missie, beleid en gedragskode soos geformuleer in hierdie Skoolkode aanvaar en ondersteun. Van tyd tot tyd word hierdie dokumente gewysig en enige addisionele beleid wat deur die skoolbestuur afgedwing word moet aanvaar word. Hierdie reglemente is om 'n gladde werking en bestuur van die skool te verseker.
- Elke ouer/voog en leerder moet die dissiplinêre styl en vereistes van Gobabis Gymnasium ten volle respekteer en handhaaf. Onberispelike gedrag by die vorige skool is 'n voorwaarde vir toelating tot Gobabis Gimnasium en sal deur die skoolhoof bevestig word voordat toelating gegee word.
- Hierdie skool handhaaf Christelike geloof en waardes, soos deur die Bybel voorgestel. Ouers en leerders onderneem om dit te respekteer.
- 'n Skoon finansiële rekord by die vorige skool sal 'n vereiste wees vir toelating tot Gobabis Gymnasium. 'n Finale rekeningstaat sal met registrasie vereis word.

TOELATINGSPROSEDURE VAN LEERLINGE AAN DIE BEGIN VAN DIE JAAR OF NUWE KWARTAAL:

- Registrasie van nuwe leerders sal aan die begin van elke skooljaar of kwartaal plaasvind.
- 'n Inskrywingsvorm moet by ontvangs verkry word en deur die ouer/voog en die leerder voltooi word.
- Elke nuwe leerder moet die dokumente, soos uiteengesit op bladsy 1 van die aansoekvorm, saam met die aansoek indien vir die aansoek om verwerk te word.
- Bewys van betaling van nie-terugbetaalbare registrasiefooi, boekfooi, sportfooi en die eerste maand se skoolgeld moet onmiddellik na goedkeuring van die leerling, voorgelê word.

TOELATING VAN NUWE LEERDERS IN DIE VERLOOP VAN DIE JAAR:

- 'n Nuwe leerder wat gedurende die jaar ingeskryf wil word, moet deur die ouer/voog vergesel word en hom/haar aan die skoolhoof voorstel.
- Hy/sy sal kyk of die vakkeuse geskik is en sal die leerder verwys na die skoolsekretaresse wat die registrasieproses aan die gang sal sit sodra aan die vereistes van die toelatingsbeleid voldoen is.
- Geen nuwe leerder sal toegelaat word om klasse by te woon voordat die aansoek- en registrasieproses afgehandel is, skoolfonds ten volle betaal is en kennisgewing aan die klasonderwyser oorhandig is nie.

SKOOLGELDBELEID:

- Onderhewig aan jaarlikse begrotingsoorsig deur die Raad van Direkteure.
- 'n Nie-terugbetaalbare betaling van 'n eenmalige registrasiefooi van N$ 1 700 per leerder by eerste registrasie. Indien 'n leerder weer by die skool aansoek doen, nadat hy die skool verlaat het, sal hy/sy weer aanspreeklik wees om die registrasiefooi te betaal.
- 'n Jaarlikse sport- en kultuurfooi van N$ 800 per leerder, ongeag of die leerder aan sport en/of kultuur deelneem.
- Betaling vir handboeke, per jaar, is soos volg:

Graad R	N$ 150,00
Graad 1 – 3	N$ 500,00
Graad 4 – 7	N$ 700,00
Graad 8 – 11	N$ 900,00
Graad 12	Eie Boeke

- Laboratorium- en praktiese fooie:
  Graad 10 – 12: N$ 400 per vak per jaar (Fisika, Chemie, Biologie, ens.)
- Eksamengelde-deposito gehou deur die skool: Indien die kurrikulum verander sal leerders aanspreeklik wees om 'n krediet/deposito vir 'n leerder se ISC-eksamen te bou. Die beraamde eksamenfooie is N$ 8 000, wat oor 50 maande tot Februarie van die gr.12-jaar betaal sal word. Dit beloop N$ 160 per maand.
- **Skoolgeld van toepassing in 2026:**

Graad RRR	**N$ 2 350,00 / maand vir 12 maande**
Graad RR	**N$ 2 350,00 / maand vir 12 maande**
Graad R	**N$ 2 650,00 / maand vir 12 maande**
Graad 1 – 7	**N$ 4 125,00 / maand vir 12 maande**
Graad 8 – 10	**N$ 4 290,00 / maand vir 12 maande**
Graad 11 – 12	**N$ 4 680,00 / maand vir 11 maande**

- 'n Tweede kind kwalifiseer vir 'n afslag van N$ 100,00 p/m, 'n derde kind vir 'n afslag van N$ 150,00 p/m en ’n vierde kind vir ‘n afslag van N$ 200,00 p/m.
- Indien 'n ouer vier skofte by skoolfunksies per kind per jaar werk, kwalifiseer die ouer vir N$ 600 afslag op Desember-skoolgeld. 'n Register sal deur die Direkteur: Funksies en Projekte gehou word.
- Skoolfonds is onderhewig aan verandering met tydige kennisgewing.
- **Skoolfonds is vooruitbetaalbaar voor of op die 7de van elke maand en betaalbaar in 12 maandelikse paaiemente gedurende die jaar, ongeag skoolvakansies, afwesigheid of nasionale inperkings wat deur die President van Namibië voorgeskryf word, weens enige pandemie.**
- Bogenoemde bedrae is nie terugbetaalbaar nie.
- Fooie wat na die 7de dag van die maand betaal word is onderhewig aan **30%** rente per jaar. Rente sal outomaties by jou rekening gevoeg word.
- Leerders sal geweier word om eksamen te skryf in geval van agterstallige rekeninge.
- Indien 'n eksamen geskryf is en die rekening agterstallig raak na die eksamen, sal die leerder se rapport teruggehou word totdat die agterstallige skuld vereffen is.
- Fooie moet per EFT of herhalende betaling betaal word. Indien kontant by die bank inbetaal word, sal die hanteringskoste by die rekening gevoeg word.
- Om te verhoed dat bankkoste by die rekening gevoeg word, kan kontant betalings by die skoolkantoor gedoen word.
- Indien 'n leerder nie op die eerste dag van 'n maand inskryf nie, sal die bedrag betaalbaar vir daardie maand as 'n volle maand bereken word indien dit voor die 15de van 'n maand geregistreer is. Dit is ook van toepassing vir die onttrekking van 'n leerder indien dit na die 15de van 'n maand gedoen word.
- Die Raad van Direkteure kan 'n leerder skors weens agterstallige betalings (sien finansiële beleid). Herregistrasie en heraansoek sal via die skoolhoof gedoen word en die Raad sal vergader om te besluit oor die aanvaarding van so 'n aansoek.
- Ouers is verantwoordelik vir die betalings van skoolfonds al word hul kind geborg of gesubsidieer.
- Skriftelike kennisgewing van **een kalendermaand** word vereis indien u kind die skool verlaat.
- Kennisgewing in die derde termyn is onderhewig aan skoolfonds betaalbaar tot Desember. Dus kan ’n ouer nie in November kennis gee om nie vir Desember skoolfonds te betaal nie.

BANKBESONDERHEDE

Rekeningnaam:	GOBABIS GYMNASIUM
Rekeningnommer:	1189973601
Bank:	BANK WINDHOEK
Tak:	481172

MEDIESE GESKIEDENIS:

Moet deur die huisdokter ingevul word.

Naam en Van van Kind: _____

Geboortedatum: _____

Geslag: Manlik / Vroulik

Mediese Fonds: _____

Mediese Fonds Nommer: _____

Immuniseringsgeskiedenis: _____
(Heg 'n afskrif van die immuniseringskaart
aan of die huisdokter moet die immunisasies _____
wat toegedien is lys)

_____

_____

Ly die kind aan enige allergieë? _____
(Beskryf kortliks die allergie, die
reaksie en die tyd wat dit neem _____
voordat die reaksie plaasvind.
Dui ook medisinale allergieë aan.) _____

_____

_____

Huidige of Kroniese Medikasie: _____
(Lys alle medikasie wat jou kind neem,
voorskryf of oor die toonbank.) _____

_____

_____

Neem kennis: Gobabis Gymnasium Administreer GEEN MEDIKASIE NIE.

Het u kind enige ander mediese siektes of huidige behandelings (in die verlede of hede) waarvan die skool kennis moet dra?

_____

_____

Hospitalisasies/Operasies/Mediese evaluasies:

Datum van Hospitalisasie/Operasie: _____

Siekte of rede vir operasie: _____

Huisdokter/Algemene Praktisyn wat hierdie vorm voltooi het: _____

_____

Telefoonnommer: _____

Naam en telefoonnommer van persoon/persone wat gekontak moet word in geval van 'n mediese noodgeval:

_____

_____

FINANSIËLE ONDERNEMING:

Ek, die ondergetekende ouers/voogde van _____
(naam en van van kind) neem kennis en stem in tot die finansiële verpligtinge en verbind my daartoe, dat:

- die skoolfonds voor of op die **7de** van elke maand vooruit betaal sal word.
- ek verstaan dat die skoolhoof my kind/ers onderrig mag weier indien ek **30 dae** agterstallig is met die rekening.
- my kind eers hertoegelaat sal word sodra die volle bedrag vir die 30 dae ten volle betaal is.
- ek verstaan dat ek weer sal aansoek doen vir plek by Gobabis Gymnasium sou my fooie 60 dae agterstallig wees.
- ek verstaan dat my kind eers mag terugkeer skool toe sodra die heraansoek deur die Raad van Direkteure oorweeg is en dat ek die agterstallige fooie opbetaal het vir die 60 dae.
- Ek kan nie die skool en sy personeel verantwoordelik hou vir akademieses agterstalligheid nie, as gevolg van bogenoemde.

_____	_____
Naam en Van: Vader / Voog	Naam en Van: Moeder / Voog
_____	_____
Handtekening: Vader / Voog	Handtekening: Moeder / Voog
_____	_____
Naam en Van: Getuie 1	Naam en Van: Getuie 2
_____	_____
Handtekening: Getuie 1	Handtekening: Getuie 2

OUER EN LEERLING ONDERNEMING:

Ek/ons, die ondergetekende ouers/voogde, onderneem en stem hiermee in tot die volgende sou my/ons kind/ers se aansoek suksesvol wees:

- Dat ek/ons die Erekode en Gedragskode van Gobabis Gymnasium bestudeer het en dat ek/ons bewus is van die inhoud en sal toesien dat my/ons kind hou by wat van hom/haar verwag word en van my/ons as ouer/voog.
- Dat die inligting oor my/ons kind soos in hierdie aansoek vermeld, korrek is.
- Dat ek/ons geen inligting van Gobabis Gymnasium teruggehou het oor onaanvaarbare gedrag van my/ons kind by die vorige skool of andersins nie.
- Om die nodige finansiële verpligtinge van Gobabis Gymnasium na te kom.
- Om toe te sien dat my/ons kind altyd volgens skooldragvereistes geklee is.
- Om die waardes, norme en tradisies van Gobabis Gymnasium, asook elke ander wetsorde of regulasie te respekteer, in stand te hou en uit te brei en toe te sien dat my/ons kind ook daarby hou.
- Om te voldoen aan die Dissiplinêre Kode en uitkoms van besluite van die Raad van Direkteure.
- Om toe te sien dat my/ons kind elke dag stiptelik by die skool sal opdaag, behalwe met vooraf kennisgewing aan die skoolhoof van sy/haar siekte of ‘n ander geldige rede om afwesig te wees waarop 'n mediese sertifikaat verskaf sal word.

Ek/ons stem hiermee in en gee toestemming dat my/ons kind/ers in my/ons toesig verplig sal word om 'n dwelm-, alkohol- en swangerskapstoets te ondergaan deur gekwalifiseerde mediese professionele persone op versoek van die skoolhoof op voorwaarde dat dit in 'n professionele wyse en dat my/ons kind nie agterna gestigmatiseer/geviktimiseer moet word as die resultate negatief is nie.
Ek/ons stem ook in en gee toestemming dat my/ons kind/ers ’n alkohol toets mag ondergaan as daar suspissie is van alkohom gebruik.
Indien die resultate positief is, sal ek/ons onmiddellik my/ons kind uit die skool verwyder hangende 'n ondersoek en gevolglike besluit deur die Raad van Direkteure.

Naam en Van van Leerling: _____

_____ _____

Handtekening: Vader / Voog

Handtekening: Moeder / Voog

_____ _____

Handtekening: Skoolhoof

Datum:

VRYWARINGSVORM:

Ek, die ondergetekende ouers/voogde van _____
(naam en van van kind) is bewus daarvan dat daar gevare verbonde is aan enige buiteluguitstappie en ek/ons en my erfgename, eksekuteurs, administrateurs of aangesteldes stel hiermee Gobabis Gymnasium, sy Raad van Direkteure, organiseerders, personeel, helpers en bestuurders vry, en stel hulle uitdruklik vry van enige aanspreeklikheid vir nalatigheid, ongerief, ongeluk, besering, siekte of dood aan enige persoon, of verlies of skade aan eiendom wat voortspruit uit enige oorsaak hoegenaamd, tensy roekeloosheid deur 'n geregshof bewys kan word.

My/ons kind sal die wettige instruksies van die onderwysers of hul assistente gehoorsaam. Ek/ons aanvaar vrywillig die risiko's om my/ons kind toe te laat om aan buitemuurse skoolaktiwiteite deel te neem en gebruik te maak van vervoer wat deur die skool gereël word.

Ek/ons gee ook toestemming aan die toesighoudende onderwyser/ouer om die nodige mediese behandeling toe te pas indien nodig of om in ernstiger gevalle die diens van 'n mediese dokter te kry en ek/ons onderneem om enige fooie wat uit sodanige behandeling mag voortspruit, te betaal.

Naam en Van van Leerling: _____

_____ _____
Handtekening: Handtekening:
Vader / Voog Moeder / Voog

_____ _____
Handtekening: Datum:
Skoolhoof

GOBABIS GYMNASIUM EREKODE:

Ons verbind onsself hiermee aan die gesag van God se Woord:
God is die lig van ons lewens.

Ons streef daarna om ons land en sy mense in die hele samelewing te dien. Ons eer ons volkslied en vlag as simbole van ons burgerskap.

As leerder van Gobabis Gymnasium:

- is ek getrou en lojaal aan my skool, goed gedissiplineerd en in beheer van myself,
- is ek netjies in voorkoms, en onberispelik in woorde en dade,
- is ek altyd vriendelik, behulpsaam en samewerkend,
- is ek eerlik, betroubaar, nederig en reaktief en
- ek respekteer en gehoorsaam my ouers, familie, maats en meerderes.

Ek besef verder dat elke aspek van die lewe beheer word deur 'n sisteem wat bestaan uit reëls en regulasies, beperkings, vereistes en voorstelle en dat kennis die krag is om met hierdie sisteem te handel.

Daarom weet ek:

- dat ek hard moet werk om suksesvol te wees. Ek glo dat alles wat is die moeite werd om bereik te word, kan slegs verkry word poging en toewyding.
- dat ek myself moet druk om veranderinge in my lewe te maak, om beter te doen, meer te weet, nuwe dinge te verken, oop te maak vir mense, nuwe vaardighede te ontwikkel en te weet dat die enigste persoon wat my vordering beperk niemand is buiten ekself nie.
- dat ek die bestuurder van mjy lewe is en weet dat ek beheer neem van my lewe elke dag.
- ook dat positiewe gedrag tot positiewe gevolge lei en hoe eerliker ek met myself is, hoe eerliker sal ek wees met die wêreld om my.
- dat ek nooit 'n probleem sal kan verander totdat ek die probleem erken nie en dat die lewe aksie beloon, nie voornemens nie.
- Weet dat ek bepaal hoe mense my sal behandel, want dikwels reageer hulle bloot op die manier waarop ek hulle behandel. Ek leer hulle om my te behandel deur my gedrag, houding en persoonlikheid.

Ons hoofdoel en leuse is "EXCELLENCE!"

<u>Let wel</u>: Hierdie bladsy moet deur die hoof van die huidige skool ingevul word en direk na Gobabis Gymnasium gestuur word. Die aansoek sal eers oorweeg word nadat hierdie vorm ontvang is.

DIE SKOOLHOOF
GOBABIS GYMNASIUM
POSBUS 304, GOBABIS, NAMIBIË
gymna@iway.na

AANBEVELING DEUR SKOOLHOOF:

1. Leerder se volle name en van: _____

2. Naam van huidige skool: _____

3. Huidige graad van leerder: _____

4. Ek, as Skoolhoof, bevestig die volgende oor bogenoemde leerder, tans ingeskryf by hierdie skool. **(Merk met 'n X)**

		ONDER GEMIDDELD	GEMIDDELD	UITSTEKEND
1.	Houding en toewyding tot skoolwerk			
2.	Respek vir en nakoming van die skool se Gedragskode			
3.	Respek vir gesag, bestuur, onderwysers, prefekte, ens.			
4.	Respek vir waardes, norme en tradisies van die skool			
5.	Omgee vir skoolboeke en skooleiendom			
6.	Ouers se betrokkenheid by skoolverwante sake			
7.	Bydrae tot Skoolfonds			

Bykomende opmerkings: _____

_____

5. Leierskap: _____
(indien van toepassing):

6. Ek beveel hierdie leerling aan om tot Gobabis Gymnasium toegelaat te word. ☐

Ek beveel nie hierdie leerling aan om tot Gobabis Gymnasium toegelaat te word nie. ☐

7. Hiermee verklaar ek dat
a. bogenoemde inligting korrek is en
b. die afskrifte van verslae en ander dokumente (indien enige) ware afskrifte van die oorspronklikes is.

_____ _____
Skoolhoof se Naam: Skoolhoof se Handtekening:

_____
Datum: Skoolstempel: